# Inhoud

## Kwartaal 2: Week 16 tot 20

**Storie 1:**
Ashoop-lekkers ..................... 2



**Storie 2:**
Speelgoedspa ..................... 12



**Storie 3:**
Gesondheid uit die grond uit ............................. 22



EXTRACT PAGES

# Ashoop-lekkers



EXTRACT PAGES

Janel en Kyna speel met hulle poppe en die seuns bou ’n huis van afvalmateriaal.
“Ons gaan nog goed soek om mee te bou,” sê Benna.
“Ons wil saamgaan, want ons wil ’n mooi pophuis hê,” sê Kyna.
“Nee,” sê Koot, “julle kan nie gaan waar ons gaan nie.”
Benna en Koot stap vinnig sodat Janel en Kyna hulle nie kan volg nie.



Die ashoop is nie ver van hulle huis af nie. Hulle begin tussen die rommel rondkrap vir materiaal vir die pophuis. Benna skud ’n swart vullissak uit en sê: “Kyk, hier is lekkers in die sak.” Van die ander kinders by die ashoop kom nuuskierig nader.

“Dit lyk lekker, maar hoekom sal iemand sy lekkers weggooi?” vra Koot.

“Ons sal dit hier moet eet, want ons mag nie hier wees nie,” antwoord Benna.

“Jy sê vir niemand hiervan nie, hoor?” sê Koot.



EXTRACT PAGES



EXTRACT PAGES

Hulle gaan sit en maak die klein sakkie binne-in die vullissak oop. Benna loer oor sy skouer om te kyk of iemand hulle dophou. Hy skud die lekkers op sy hand uit en gee vir Koot daarvan. Hulle trek hulle gesigte, maar sluk dit in. "Die lekkers is seker oud, want dit smaak baie sleg!"




Janel en Kyna voer hulle poppe met lepels gemaak van blare. “Benna-hulle duur lank weg,” sê Janel. “Hulle wil ons seker nie meer help om die pophuis te bou nie.” “Ek dink hulle speel op die ashoop met die kinders,” sê Kyna.

EXTRACT PAGES



“My pa gaan vir hulle straf as hy moet uitvind. Hulle weet hulle mag nie daar speel nie,” sê Janel.” Hulle los hulle poppe en Janel hardloop by die huis se deur in.




Janel se ma vra in watter rigting die seuns geloop het.
"Bly julle nou in die huis. Ek gaan hulle soek," sê sy. 'n Rukkie later staan tannie Maria by die ashoop. Sy kyk op en af of sy die seuns sien speel. "Vandag trek ek julle velle af!" sê sy kwaai. Toe sien sy iets agter 'n krat uitsteek en sy hardloop nader.

EXTRACT PAGES







Agter die krat lê en slaap Koot en Benna. Sy roep en skud hulle, maar hulle word nie wakker nie. Beangs bel sy die ambulans. “Maak asseblief gou,” sê sy bekommerd.



“Hier is moeilikheid,” sê Janel toe ’n ambulans verby hulle huis jaag. Gelukkig kom oom Ben toe net by die huis en Janel vertel vir haar pa wat gebeur het.

EXTRACT PAGES



EXTRACT PAGES

By die hospitaal staan almal om Benna en Koot se beddens. Hulle sit regop, maar hulle lyk nog baie siek. “Die dokter sê hy het julle mae uitgepomp,” sê oom Ben. “Waar het julle die pille gekry wat julle gedrink het?”
“Ons het dit by die ashoop gekry, Pa,” sê Benna skaam.
“Ek wil julle nooit weer naby die ashoop sien nie,” sê oom Ben kwaai.



EXTRACT PAGES

"Nou weet julle hoekom julle nie by die ashoop mag speel nie," sê tannie Maria. "Dis 'n gevaarlike plek. Daar lê stukke glas en giftige goed rond. Daar is muise en rotte en slange. Kom vra eerder as julle lus het vir soetgoed," sê sy. Die kinders knik hulle koppe gehoorsaam. Hulle het almal groot geskrik.



EXTRACT PAGES

Die volgende dag speel almal weer lekker saam. Benna en Koot voel baie beter. Oom Ben kom met 'n kruiwa aangestap. Hulle hardloop nader om hom te groet. “Kyk al die bougoed in die kruiwa,” sê Koot. “Nou kan ons die pophuis klaarmaak. Dankie, Oom!”

“Ek is so bly julle almal is veilig. Julle weet nou waar julle nie mag speel nie. Bly net hier by die huis,” sê hy kwaai. “’n Grootmens moet altyd weet as julle iewers heen wil gaan!”



Kyna en Koot is op pad huis toe. Die pophuis is klaar. Dit het 'n kartondak en die mure is van kiste gemaak. Die huis het 'n groen skoorsteen wat van 'n pyp gemaak is. "Die ashoop sien ons nooit weer nie," sê Benna. Almal is baie bly Benna en Koot is oukei.

EXTRACT PAGES

**Vrae:**

1. Hoekom, dink jy, was Ben en Koot gelukkig?
2. Wat moet jy altyd doen voor jy die huis verlaat?
3. Vir wie moet jy bel as jou maats in gevaar is?

# Speelgoedspa



EXTRACT PAGES

"Annabel, jy moet klaar pak. Ons ry môre vroeg. Onthou jou sonhoed. Elkeen mag net een tas vat wanneer ons gaan kampeer," sê Ouma.

"Maar, Ouma, wat van my poppe, Inka, Indi en Toekie? Ek gaan 'n hele week weg wees. Hulle gaan hulle doodverlang na my."

"Dis net poppe, Annabel. Hulle weet nie eens ons gaan weg nie," sê Ouma.

Ouma verstaan ook niks, dink Annabel ongeduldig.

Annabel kry 'n blink idee. Sy weet Ouma en Oupa gaan hulle hond, Wolfie, na oom Hans se hondehawe toe vat wanneer hulle gaan kamp.

"Kan ek saamgaan as Oupa later vir Wolfie na oom Hans en tannie Hanna toe neem, asseblief, Ouma?" vra Annabel mooi. "Dis reg so, maar dan moet Oupa nie te laat gaan nie," antwoord Ouma.

Sy pak vir Inka, Indi en Toekie in 'n tas. Sy fluister vir haar poppe: "Lê net doodstil. Ek sal julle nooit alleen los nie. Ek het nie 'n mamma nie, maar julle het 'n mamma."

EXTRACT PAGES



"Kom jy, Antjie?" hoor Annabel vir Oupa roep. Sy sleep die sak met die wieletjies agter haar aan.
"En die sak in jou hand?" vra Oupa.
"Dis sommer komberse en klere vir die koue as ons terugstap." Oupa sug. Hy weet dis Annabel se poppe.
Oupa vat vir Wolfie die hond aan die leiband. Hy en Annabel stap met hulle bagasie om die hoek na oom Hans en tannie Hanna se hondehawe toe.

EXTRACT PAGES





"Hallo Annabel," groet oom Hans. "Dit lyk my jy kom ook sommer hier by ons bly!"

"Nee, Oom, ek wil gou vir tannie Hanna iets vra," antwoord sy.

"Tannie Hanna, ek wil iets vra voor Oupa my roep." Annabel praat vinnig. "Ek wou my poppe saamneem kamp toe, maar toe sê Ouma nee. Wil Tannie nie 'n speelgoedhawe soos die hondehawe oopmaak nie?" Annabel is skoon uitasem.

Tannie Hanna lag uit haar maag.

"Kom ek kyk na hulle vir die vakansie, dan gesels ons weer," sê tannie Hanna.

EXTRACT PAGES

